



Cornél Bester, 'n derdejaarstudent in chemiese ingenieurswese, en prof. Mike Heydenrych klink 'n glasië bier in die departement se mikro-brouery.

Foto: JOYRENE KRAMER

Hier is bier ernstige studentesake

PIETER MALAN

Chemiese ingenieurswese by Tukkies kan weldra een van die gewildste studierigtings in die Jakarandastad word nadat die departement een van hul laboratoriums in 'n klein bierbrouery omgeskep het.

Waar anders kan studente een van hul groot voorliefdes – bier drink – met hul studie kombineer?

Prof. Mike Heydenrych, dosent in chemiese ingenieurswese en self 'n baie aktiewe "tuisbrouer", sê hoewel studente uiteraard die produk

van hul studie sal geniet, sal die bierbrouery beslis nie net speel en geen werk wees nie.

"'n Bierbrouery is die perfekte plek om al die beginsels van chemiese ingenieurswese te leer," sê hy.

Die brouery, wat deur die studente die "Trol-brouery" gedoop is omdat dit onder 'n trap in die kelderverdieping van die ingenieurswesegebou is, is in Desember verlede jaar met die hulp van die Suid-Afrikaanse Brouerye gestig.

Dit is 'n mikro-brouery met die vermoë om sowat 50 l op 'n slag te brou.

Heydenrych sê hoewel dit baie kleiner is as 'n groot handelsbrouery, is die proses en die toerusting presies dieselfde.

Die brouery sal veral gebruik word in kursusse oor biochemiese ingenieurswese – daardie deel van chemiese ingenieurswese waar studente die rol bestudeer wat lewende organismes (soos gis) in 'n chemiese proses speel.

Cornél Bester, 'n derdejaarstudent, is besig om as deel van haar finalejaarprojek te probeer vasstel watter meganismes die omskakeling van stysel in gisbare suikers in die vroeë stadiums van die brou-proses beïnvloed.

Haar navorsing behoort brouers uiteindelik in staat te stel om vinniger en meer bier te brou van minder gort – 'n projek wat sowel brouers as bierdrinkers gelukkig behoort te maak!

"'n Bierbrouery is die perfekte plek om al die beginsels van chemiese ingenieurswese te leer."